

Het jy genoeg

Veeboere staan jaarliks voor die uitdaging om weiding/ruvoer van goeie gehalte vir die hele produksieperiode in genoegsame hoeveelhede te voorsien.



Gepreserveerde hooi, kuilvoer of ingekuilde hooi was nog altyd deel van menige veeboer se oorwinteringstrategie. Ondanks stygende koste van brandstof en toerusting, bly dit een van die hulpmiddels in 'n veeboer se oorwinteringsgereedskapkis.

Besikbaarheid van voldoende weiding kan in 'n groot mate deur deeglike veldbestuur opgelos word, maar tekorte kom steeds gedurende sekere tye van die jaar voor. Kritieke tye is veral die oorgangperiode vanaf winterweiding na somerweiding of tydens algemene voerskaarste soos seisoenale droogtes en na veldbrande.

Die keuse tussen hooi en kuilvoer sal afhang van die beskikbaarheid van implemente en die uitvoerbaarheid van die betrokke produksiepraktieke. Hooiproduksie vereis gespesialiseerde toerusting, hoewel baie boere reeds basiese hooimaaktoerusting het, wat die besluit oor die keuse van 'n ruvoerbron oor die kort termyn sal beïnvloed.

Klimaatstoestande speel ook 'n belangrike rol in die besluit oor watter ruvoer geproduseer moet word. In sommige streke is die maak van hooi 'n riskante onderneming, aangesien hooi kan natreën voor dit gebaal word, wat die gehalte daarvan ernstig benadeel.

By hooi is die brandrisiko hoog en by kuilvoer nie. In gebiede waar veldbrande eerder die reël as die uitsondering is, moet dit in aanmerking geneem word by die keuse van ruvoer.

Oesverliese is groter by hooi en stoorverliese groter by kuilvoer. Die korrekte inkuilstadium is ook belangrik omdat oesverliese by te droë kuilvoer en stoorverliese by te nat kuilvoer hoog is.

Die voedingswaarde en smaaklikheid van enige voergewas verswak sodra dit gepreserveer word. Diere se vrywillige inname van voer is 'n aanduiding van die smaaklikheid van die weiding/ruvoer (hooi). Die teenwoordigheid van onaanvaarbare materiaal, soos saadstingels of onbenutte materiaal, beïnvloed die vrywillige inname daarvan nadelig.

HOOI

op jou vurk?



HOOI

Die Suid-Afrikaanse klimaat maak dit moontlik om in groot dele van die land wel voer te sny en natuurlik te droog sodat dit as hooi gebaal kan word. Die belangrikste plante wat vir hooi-produksie gebruik word, is grasse soos oulandsgras en Smutsvingergras asook peulplante soos lusern en armmanslusern. Elke gewas het sy plek na gelang van die grond en reënval.

Enige gewas kan tot hooi verwerk word, mits dit vinnig gedroog kan word. Hoe vinniger die gewas gedroog kan word hoe beter die gehalte en kleur van die hooi.

Dit is in elk geval 'n goeie idee om gras wat nie deur die winter bewei kan word nie, af te sny en te baal om die voedingswaarde te behou. Dit verminder ook die brandgevaar op die plaas.

Breëblaargrassie maak moeiliker hooi as smaller blare, hoofsaaklik omdat dit langer neem om droog te word. So droog hooi van oulandsgras (smal blaar) vinniger as Smutsvinger (breë blaar). Eenjarige koelweergasse soos rog en hawer is ook geskik vir die maak van hooi. Meerjarige koelweergasse is nie ideaal vir hooimaak nie, omdat hulle meestal kruipende groeiers is.

Die gewas kan vir hooi gesny word sodra dit by eenjarige gewasse in die pypstadium is (uit vegetatief na reprodutiewe fase beweeg). By meerjarige gewasse moet die eerste snysel gesny word nadat dit volwassenheid bereik het om langlewendheid te waarborg.

VOEDINGSWAARDE VERANDER

Namate 'n voergewas groei, verander die chemiese samestelling en dus die voedingswaarde van die groenmateriaal. Die belangrikste verandering is 'n verlaging van die ruproteïeninhoud en 'n toename in die ruveselinhoud. Met die hooimaakproses word daar gepoog om die voedingstowwe in die groenmateriaal in die hooi te bewaar deur dit vinnig te droog. Die voedingswaarde van hooi kan egter nooit hoër wees as die van die materiaal waaruit dit berei is nie omdat daar altyd van die voedingstowwe verlore gaan gedurende die hooimaakproses. Die voedingswaarde van die

groen materiaal (die groeistadium) en die omvang van die voedingstofverliese tydens die bereiding en opberging bepaal dus die gehalte van die hooi. Voedingstofverliese vind meganies en as gevolg van biochemiese afbreekprosesse plaas.

HOOIMAAK

- Gras/weiding word gesny sodra dit begin blom (oorgaan van vegetatiewe stadium na reprodutiewe stadium).
- Dit word sowat vier uur nadat dit gesny is, gehark sodat dit goed sondroog kan word.
- Baal wanneer die vogpersentasie 13 tot 15% is. Nie hoër as 15% nie aangesien hooi kan muf.
- Droging is vinniger en meer egalig in windrye. Windrye vergemaklik die baalaksie omdat die baler dan die materiaal makliker en vollediger kan optel.
- Vir eie voorkeur en hantering kan bale in verskillende vorme gemaak word:
 - o Ronde bale: vinniger baalaksie, kan buite geberg word (redelik waterdig).
 - o Vierkantige bale: het nie 'n werktuig nodig om op te tel nie; dit kan in 'n skuur gestapel word en vereis nie gereedskap nie.

Berg voer in ronde bale slegs vir 'n spesifieke tydperk in 'n toegeboude pakhuis om te verhoed dat die voedingswaarde verlore gaan. Indien hooi nie te nat gebaal word nie, of nie natreën nie, of deur knaagdier of miere gevreet word nie, kan dit vir tot sewe jaar sy voedingswaarde behou.

By swakgehalte hooi is diere geneig om die ouer hooi – ouer as twee jaar – eerste te vreet, waarskynlik weens lignien (onverteerbare vesel) wat in die proses afbreek, met die gevolg dat die hooi smaakliker word.

Die gebruik van gepreserveerde ruvoer in diereproduksie is onvermydelik. Die boer sal die voor- en nadele van die beskikbare ruvoerbronne teen mekaar moet opweeg, 'n sinvolle besluit daarvoor neem en bestuursmaatreëls dienoreenkomstig aanpas.